# 23 Mei 2023 - Lesing 28 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

## Weersiens en betrekkings in die hiernamaals

6851 Wanneer siele wat op aarde met mekaar verbonde was, mekaar weer teëkom in die geestelike ryk, kan hulle verenig om gesamentlik te werk, **indien hulle dieselfde graad van rypheid het.** Anders sal die een party daarna moet streef om dieselfde graad van rypheid te bereik waarby die ander hom vol ywer behulpsaam sal wees. En dan sal beide siele vervul wees met die hoogste geluksaligheid om in staat te wees om te skep en saam te werk, ofskoon hul werksfeer nou heeltemal anders sal wees as op die aarde.

Die geestelike verbondenheid maak die siel heelwat meer gelukkig as wat die aardse kon. Hulle is opmerklik hulpvaardig en van diens teenoor die wesens wat nog ongelukkig is, maar wat nou herken en liefgehê wil word as broers **deur die ryper siele**, en daarom word alles gedoen om hulle te verlos uit hul ellendige situasie. En om hierdie rede gee hulle besondere liefdevolle sorg aan die siele wat naby aan hulle was op die aarde en wat in die koninkryk van die hiernamaals aangekom het in 'n nog onryp toestand.

Die geheel rype siel kan wel sy lewensmaat herken in die hiernamaals, maar hy sien die rype siel nie en dwaal dikwels vertwyfeld rond op soek na sy geliefde. **Juis die verlange om die geliefde weer te sien is 'n groot faktor vir die verkryging van rypheid vir die siel**. Want die verlange trek ook die geliefde wesens in haar nabyheid, wat dan onophoudelik hul bes doen dat sy die graad van rypheid bereik wat vir haar eindelik ’n weersiens gee, al is dit net vir ’n kort tydjie. Dan sal sy steeds yweriger haar voltooiing nastreef.

Dit is egter erg wanneer twee siele wat op aarde in innige liefde saam was, die geestelike ryk betree in 'n toestand van duisternis wanneer hulle so weinig geglo het in 'n verdere lewe, dat by hulle nie die gedagte sal opkom om die een wat haar voorafgegaan het, weer te wil sien nie. Sulke siele ontmoet mekaar nie en **dwaal dus in die grootste eensaamheid rond**. En al dink sy aan diegene wat sy op die aarde liefgehad het, kan sy haarself tog nie aan hom kenbaar maak nie, omdat hyself soos 'n skaduwee rondsweef, nie in staat om die ander siele te sien of te herken nie. Maar oor hulle ontferm die siele van die lig hulle ook. **Dog kry hulle moeilik toegang as gevolg van hulle volledige ongeloof**. Hulle aanvaar geen advies om hulle toestand te verbeter nie, hulle is heeltemal apaties en net die gedagte aan die mense waarmee hulle eens noue bande mee gehad het, gee ’n oplewing.

Maar die liefde wat twee mense op aarde verenig het, lewer hulle ook 'n seën in die hiernamaals op, omdat so ’n siel in staat is om ’n begeerte ten beste van die ander in haar op te wek en hierdie liefdevolle gedagte kan suksesvol wees, ongeag op watter vlak hierdie begeerte lê. Maar dit kan onbaatsugtig wees en daarom krag gee. En die krag kom net daarin tot uitdrukking, dat die siel sal luister na die onderrig van die ligwesens, wie haar nou raad gee waarvan sy voordeel verwag vir die siel wat sy liefhet.

**Onryp siele bevind hulle steeds in die nabyheid van die aarde**. Sy voel dus net geskei, maar nie afgesonderd van die aarde nie en sy probeer daarom, wat in haar oë ’n ruimtelike skeiding is, te oorwin en neem die raadgewing van geestelike vriende daarom ook aan.

En dit is van groot seën wanneer daar vir sulke siele voorspraak geskenk word **van die kant van die mense,** want sy sal dit as ’n weldadige ervaring ervaar waarby die toekom van krag sal lei tot 'n toevoer van lig, sodat haar denke helderder begin word en sy geleidelik tot insig kom. Maar sy sal nooit kan slaag om 'n weersien te verkry solank as wat sy nog nie die weg na JaHshua die Messias gevind het nie.

Alle inspanning van die ligwesens is daarop gerig om hulle daartoe te bring **om hulle na JaHshua Messias te wend vir hulp.** Want die toestand van duisternis is die toestand van die onverloste, die toestand van diegene wat die ryk van die hiernamaals sonder JaHshua Messias binnegegaan het en wat Hom in die eerste plek daar bo moet vind. Die liefde kan ook 'n siel daartoe aanspoor om JaHshua Messias aan te roep, omdat sy haarself nou bekommer oor haar nood. En wanneer so 'n smekende aanroep namens die ander siel tot JaHshua Messias opstyg, dan sien Hy hierdie liefde waarlik met welgevalle aan. **Dan nader getroue helpers die siele in Sy opdrag.** En eendag sal ook hierdie siele ’n weersiens kan belewe en hulle sal Hom loof en dank, Wie hulle uit hul nood bevry het. Amein.